# SAKE 24 (Burger Oos Kaap)
04 Feb 2009
Page : 13 #

# Dié Factory skep hope kundigheid

**Riana de Lange**, Port Elizabeth

Uit die meer as 550 werklose mense wat die afgelope sewe jaar in verskillende vaardighede by The Hope Factory in Port Elizabeth opgelei is, is 88% steeds ekonomies aktief.

Altesame 15% het hul eie ondernemings begin en die res werk in die formele sektor of is deel van The Hope Factory se werkskeppingsprojek.

Dié projek het gegroei van 'n paar vroue wat handwerkitems in 'n motorhuis gemaak het, tot 'n onderneming wat handgemaakte korporatiewe geskenke op bestelling maak vir maatskappye soos De Beers, Ou Mutual, Nedbank en Deloitte.

Oudpres. Nelson Mandela en die voormalige adjunk-president me. Phumzile Mlambo-Ngcuka is onder die bekendes wat van dié geskenke ontvang het.

Volgens me. Maurita Odendaal, sentrumbestuurder, bied 2010 baie geleenthede en samesprekings daaroor is aan die gang, maar wil sy nie nou veel uitlap nie.

Die korporatiewe geskenke sluit in briewemesse, glase, slaaiof teelepels, en bottermesse – alles versier met kralewerk – notaboeke versier met papierkuns en kralewerk, unieke konferensiesakke met maatskappy-logo's en kralewerk, sleutelhouers (byvoorbeeld met 'n Kers- of Valentynstema), groetekaartjies en die houers waarin al dié items verpak word.

Die meeste verkope is in Pretoria en ál meer Kaapse kliënte plaas bestellings. Port Elizabeth is die enigste plek waar die opleiding plaasvind en waar al die produkte gemaak word.

The Hope Factory is 'n 100% swart ekonomiese bemagtigings- (SEB) verskaffer, wat heelwat punte vir maatskappye op hul SEB-telkaart tel, sê Odendaal.

Met 'n groot bestelling is daar tot 100 vlytige werkers in die werkwinkel. Die kernpersoneel bestaan uit 28 werkers, maar 'n databasis word gehou van almal wat sedert 2001 opleiding by The Hope Factory ondergaan het, sodat hulle weer gekontak kan word as bestellings afgehandel moet word.

Dit is nie sommer enige werkskeppingsprojek nie. Baie streng gehaltebeheer word toegepas om te verseker dat net die beste items die werksessie verlaat. Die afgelope sewe jaar was géén van die bestellings laat by enige van die landwye kliënte nie, sê Odendaal trots.



**Agter van links is mee. Luzanne Witbooi, produksiebestuurder, Maurita Odendaal, sentrumbestuurder, en Bronwyn Derman, senior produksiebestuurder, in die werkwinkel. Voor is me. Ntombikayise Nabo besig om kartonhouers te maak.** Foto's: RIANA DE LANGE

The Hope Factory is 'n onderneming sonder winsoogmerk en deel van die Suid-Afrikaanse instituut vir geoktrooieerde rekenmeesters (SAIGR) se projek vir ondernemingsontwikkeling.

Kort nadat me. Liz Zambonini die projek begin het, het die instituut betrokke geraak om werklose uit voorheen benadeelde gemeenskappe te help met die aanleer van vaardighede en die opdoen van praktiese ondervinding sodat hulle finansieel produktief kan wees.

Me. Nolubabalo Gotyana, 'n toesighouer in die werkwinkel, het drie jaar gelede 'n kursus by The Hope Factory gevolg. Sy is van Motherwell en het nooit voorheen enige inkomste gehad nie.

Sy verwag haar eersteling en sê dis wonderlik om te weet sy sal vir die kleinding kan sorg. Sy maak seker die werkers haal daaglikse spertye en hou 'n oog oor die gehalte van die produkte.

Me. Ntombikayise Nabo van KwaZakhele is deel van die kernspan werkers. Sy het geen heenkome ná skool gehad nie en by The Hope Factory aansoek gedoen. Sy geniet veral kralewerk, maar ná ure doen sy naaldwerk tuis vir 'n bykomende inkomste.

Daar is drie opleidingsessies van drie maande elk per jaar, met 36 studente per kursus. Belangstellendes skryf eers 'n toelatingstoets, verduidelik Odendaal.


Drie heeltydse opleiers leer die kursusgangers om krale-, draad- en naaldwerk te doen, patrone te ontwerp, en geskenk- en uitnodigingskaartjies te maak. Ook leer hulle sakebeginsels en om 'n CV en 'n sakeplan op te stel.

Daarna word probeer om elke kursusganger vir drie maande in die werkwinkel te laat werk.

Me. Bronwyn Derman, senior produksiebestuurder, sê wanneer groot bestellings inkom, word uitgewerk hoe lank dit sal neem om al die artikels te maak, hoeveel tyd daar is om die bestelling af te handel en hoeveel tydelike werkers ingeroep moet word.

Die werkers verdien gemiddeld R13 per uur. Alle wins uit die produkte word herbelê in die opleiding van nog entrepreneurs.

Mentorskap gaan voortaan ook baie meer aandag kry, sê Odendaal. Die departement van arbeid speel 'n belangrike rol in die werk van The Hope Factory. Die departement was nog altyd betrokke by die kursusse en finansiering daarvan, sê Odendaal.




**Klaar verpakte korporatiewe geskenke – gereed vir aflewering.**